

Mediaverklaring**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)****14 Februarie 2019****Plaaslike KBS-bedryf lok R93.5 miljard se netto invloei ondanks strawwe marktoestande**

Die plaaslike kollektiewe beleggingskema (KBS)-bedryf het in 2018 'n netto invloei van R93.5 miljard gelok om die jaar op bates onder bestuur ter waarde van R2 240 miljard af te sluit.

Luidens die KBS-bedryf se statistieke vir 2018 wat vandeesweek deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) bekend gemaak is, was die plaaslike KBS-bedryf verlede jaar merkwaardig veerkratig ten spyte van strawwe marktoestande.

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur by ASISA, sê ondanks laer netto invloei en 'n negatiewe opbrengs van 8.5% deur die JSE-indeks van alle aandele (ALSI) vir die 12 maande tot einde Desember 2018, het die bedryf se bates onder bestuur met slegs 'n klein persentasie gekrimp van R2 250 miljard aan die einde van 2017 tot R2 240 miljard aan die einde van 2018.

Hierdie bates word oorwegend in SA multibateportefeuiljes gehou (49%), gevolg deur SA rentedraende portefeuiljes (29%), SA aandeleportefeuiljes (19%) en SA eiendomsportefeuiljes (3%).

Mulder sê die plaaslike portefeuiljeverdeling demonstreer dat Suid-Afrikaanse beleggers baie meer risikosku is as hul internasionale eweknieë.

Internasionale KBS-beleggers het oorwegend in aandeleportefeuiljes belê (45% van alle internasionale KBS-bates). Die tweede gewildste keuse is effekteportefeuiljes (SA rentedraende veranderlike portefeuiljes), wat 21% van bates hou, gevolg deur gebalanseerde portefeuiljes (SA multibateportefeuiljes), wat 13% hou en dan geldmarkportefeuiljes met 12% van die bates.

Aan die einde van September 2018 was daar wêreldwyd 117 263 kollektiewe beleggingskemaportefeuiljes met totale bates onder bestuur van \$50 100 miljard. (Syfers wat verskaf is deur die International Investment Funds Association (IIFA), waarvan ASISA 'n lid is, is een kwartaal agter weens die magdom statistieke wat ingesamel moet word.)

Aan die einde van Desember 2018 het Suid-Afrikaanse beleggers 'n keuse van 1 567 portefeuiljes gehad.

Beleggingstendense

Volgens Mulder toon 'n ontleding van die 2018-vloeistatistieke dat beleggersgedrag verlede jaar nie veel verander het van 2017 toe versigtige beleggers uit lae en medium aandeleportefeuiljes begin onttrek en die gewaande veiligheid van rentedraende portefeuiljes opgesoek het nie.

Gevollik het Suid-Afrikaanse (SA) rentedraende korttermynportefeuiljes R30.8 miljard se netto invloei in die 12 maande tot einde Desember 2018 ontvang.

Soos in 2017 het 'n groot aantal beleggers egter voortgegaan om die markonbestendigheid te trotseer in ruil vir die potensiële hoër opbrengste wat tipies oor die lang termyn deur aandeleportefeuilles aangebied word. SA multibate hoë aandeleportefeuilles het verlede jaar weer die tweede hoogste netto invloei van R19.5 miljard ontvang met SA algemene aandeleportefeuilles wat R12.1 miljard ontvang het.

Mulder wys daarop dat portefeuilles met 'n hoë aandeleblootstelling oor die algemeen die rentedraende portefeuilles oor die lang termyn geklop het (netto van fooie).

Vergelyking van prestasie volgens sektor

	1 jaar tot 31 Des 2018	5 jaar tot 31 Des 2018	10 jaar tot 31 Des 2018	20 jaar tot 31 Des 2018
SA Algemene Aandele	-8.8%	3.9%	10.5%	14.7%
SA Multibate Hoë Aandele	-3.6%	5.0%	9.5%	12.5%
SA Rentedraend Korttermyn	8.0%	7.5%	7.3%	9.4%
SA Geldmark	7.3%	7.0%	6.6%	8.4%
Inflasie	5.2%	5.4%	5.4%	5.5%

Bron: Profile Media

Waar het die invloei vandaan gekom?

Mulder sê 29% van die invloei in die KBS-bedryf in die 12 maande tot einde Desember 2018 het regstreeks van beleggers gekom – dit is 1% meer as in 2017. "Dit beteken egter nie dié beleggers het sonder advies opgetree nie. Talle regstreekse beleggers betaal vir advies en implementeer dan self die portefeuilje waarop hulle besluit het."

Tussengangers het 32% van die nuwe invloei bygedra vergeleke met 30% in 2017. Diensverskaffers van gekoppelde beleggings (Lisps) het 21% van verkope voortgebring (22% in 2017), terwyl 18% (20% in 2017) van institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse ontvang is.

Buitelandse fokus

Plaaslik geregistreerde buitelandse portefeuilles het einde Desember 2018 bates onder bestuur ter waarde van R442 miljard gehad. Die buitelandse portefeuilles het netto uitvloei van R6.4 miljard oor die 12 maande tot einde 2018 aangeteken.

Buitelandsevaluta-effektetrustportefeuilles is gedenomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Hierdie portefeuilles kan aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word net as hulle by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in

hierdie portefeuljes wil belê, moet aan die Reserwebank se regulasies voldoen en sal hul toegelate buitelandse kapitaal gebruik.

Daar is tans 459 portefeuljes wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer is in Suid-Afrika te koop.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

Uitgereik namens:

Sunette Mulder
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.

ASISA